GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)
SDK
CHARTERED ACCOUNTANTS (S.A.)
JEA Engelbrecht
DJ Smit
HM Smit

Practice No.: 902047A
VAT No.: 4080211180

Kerkstraat 22B Church Street
DURBANVILLE • 7550
Posbus / P.O. Box 1304
DURBANVILLE • 7551

Tel: +27 21 970 4600
Faks / Fax: +27 21 975 6780
E-Pos / E-Mail: info@sdkca.co.za
Webblad / Website: www.sdkca.co.za

# NUUSBRIEF NEWSLETTER

Nommer / Number **6** van / of **2008**

## Nuwe Maatskappywetsontwerp

**Is die Suid-Afrikaanse Maatskappywet wat sedert 1973 bestaan verouderd? Die huidige Wet bevat baie min oor korporatiewe regering, deursigtigheid, aanspreeklikheid, moderne samesmeltingsmetodes en die beskerming van minderheidsaandeelhouers. Die nuwe Maatskappywetsontwerp wat na verwagting in Oktober 2008 deur die President onderteken sal word, is daarop gemik om die huidige reguleringsraamwerk vir maatskappye te hersien en al bogenoemde aangeleenthede word in die nuwe Wetsontwerp aangespreek.**

Die nuwe Maatskappywetsontwerp sal die inkorporasie van maatskappye vereenvoudig. In plaas van die akte van oprigting en statute word ’n maatskappy se konstitusionele dokumente in een dokument, die Akte van Inkorporasie, saamgevoeg wat die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouers, direkteure en andere met betrekking tot die maatskappy uiteensit. Wysigings aan of beperkings op sekere bepalings kan in die Akte van Inkorporasie aangebring word, maar daar is spesifieke vaste bepalings wat ondanks die bepalings van die Akte van Inkorporasie geld. Dit verseker dat sekere beskermings in die algemeen in die Wetsontwerp ingebou kan word.

Volgens die Wetsontwerp sal dit vir alle maatskappye, groot en klein, nodig wees om finansiële jaarstate op te stel, wat gesonde finansiële bestuur en die volhoubaarheid van maatskappye van alle groottes sal bevorder. In die reël sal klein ondernemings vrygestel wees daarvan om hul finansiële state te laat ouditeer of nagaan.

Wanneer hierdie Wetsontwerp in plek is, sal daar onderskeid wees tussen twee kategorieë van maatskappye met ’n winsoogmerk, naamlik ’n maatskappy met wye aandeelhouding en ’n maatskappy met beperkte aandeelhouding of ’n maatskappy met openbare belang. Maatskappye met openbare belang sal onderworpe wees aan strenger rekeningkundige, openbaarmakings- en deursigtigheidsregulasies.

Deursigtigheid sal gewaarborg word deur groter direkteursaanspreeklikheid en die toepaslike bydrae deur alle belanghebbers. Die aandeelhouersbydrae op algemene vergaderings van die maatskappy word duidelik in die Wetsontwerp uiteengesit en gemoderniseer. Die Wetsontwerp laat ook deelname van aandeelhouers anders as op ’n vergadering toe, wat een van die terreine is waar die huidige Maatskappywet nog altyd onbuigsaam was. Wat kwessies soos korporatiewe regering betref, maak die Wetsontwerp voorsiening vir die aanstelling van ’n ouditkomitee deur aandeelhouers van ’n openbare maatskappy. Nie-uitvoerende direkteure mag as lede van die ouditkomitee aangestel word, aangesien hulle as onafhanklik van die daaglikse bestuur van die maatskappy beskou word.

Die Wetsontwerp handhaaf die huidige metodes om oornames en samesmeltings te bewerkstellig, hoewel die prosesse vereenvoudig word. In die geheel voer die voorgestelde Wetsontwerp verbeteringe aan Suid-Afrikaanse maatskappy-etgewing in en dit sal sekerlik ’n aantal aspekte van maatskappywetgewing wat hervorm moet word, moderniseer. Alhoewel die Wetsontwerp in die algemeen in duidelike en eenvoudige terme opgestel is, moet ’n paar van die bepalings van die Wetsontwerp noukeurig oorweeg word en wysiging en verklaring kan nodig wees.

# Easyfile for Tax Practioners

**SARS eFiling is a secure electronic tax return and submission service offered by SARS that removes the risks and hassles of manual tax returns. Not only can you submit your returns via the Internet, but you can also make secure tax payments online.**

**Tax Payers, Accounting Firms and Tax Practitioners who wish to file their own tax forms, or who file tax forms on behalf of their clients, are able to register with the system via the Internet. No special software is required - just a web connection and a standard Windows operating system.**

The easyfile desktop application is a smart client technology that runs on the Adobe Integrated Runtime platform, which allows you to work in the eFiling environment offline. This means that you will have all of the data associated with your eFiling profile available offline on your personal PC. Every time you synchronise with or connect to the online eFiling website, changes are made on your online eFiling profile and your PC is updated with any new updates on the eFiling site.

### What are the benefits of using easyfile?

easyfile offers a range of solutions and benefits for practitioners – especially those practitioners in more remote areas or who do not have access to fast internet connections and will benefit from the advantages of using an electronic channel whilst only being required to connect to the internet occasionally. When connected, upload and download speeds have been reduced dramatically, as easyfile moves data only.
easyfile also allows for bulk submission of returns when you are ready to connect – so returns no longer need to be submitted individually. SARS have also upgraded the functionality to register new taxpayers on your profile – doing bulk registrations is now a far simpler process that does not require an understanding of CSV files.
easyfile is also a copy of the data on your eFiling profile, and you can access your data on either one of the two platforms.

### Overview of the easyfile process

You need to be registered as an eFiler to use easyfile. Once you have registered, and set up your user profiles, simply download the easyfile application to your PC – you can download a copy from www.sarsefiling.co.za
(Available from October 2008) or you can obtain a copy on CD. Follow the easy on-screen installation instructions.

Once installed, ensure that you are online - the application will synchronise with eFiling to replicate the data on your eFiling profile to you PC. Once you are ready to submit to SARS, simply select the files you want to upload (or to check whether there are any notices for you from SARS), click on the synchronise button on the easyfile application – easyfile then sends selected data to eFiling, and downloads updates from eFiling to you PC.

### How does easyfile relate to eFiling?

The data on your easyfile profile is a replica of the data on your eFiling profile. Every time you connect to eFiling the two profiles are compared and updated with the most recent data. From a user management perspective, you will only have access to data that is associated with your profile on eFiling and easyfile does not afford you more user rights than you have on your current eFiling profile.

### What information will you be able to access on easyfile?

In this first release of easyfile you will be able to access the following functionalities:
Register taxpayers - individual or bulk registrations, edit or remove taxpayer registration details, view taxpayer records, update taxpayer details, view returns history, complete and submit returns, upload PDF returns from your PC directly to the application, obtain a preliminary indication of a taxpayer's liability, using the tax calculator and view assessments.

### A solution for you

easyfile was created with practitioners in mind and offers a unique solution for many of the practical issues practitioners are faced with on a regular basis.

# Met ’n geldige argument is daar altyd ’n kans op herroeping

**Indien ’n werkgewer versuim om ’n arbitrasieverhoor by te woon, staan dit die arbiter vry om sonder die werkgewer voort te gaan, tensy die arbiter bewus is van ’n bevredigende verduideliking vir die werkgewer se afwesigheid. As die arbiter nie ’n manier het om die werkgewer se kant van die saak te ondersoek nie, sal hy/sy heel waarskynlik die werknemer se weergawe erken en in die werknemer se guns beslis. Dit word ’n verstekvonnis genoem.**

Maar wie se fout is dit wanneer Komissie vir Bemiddeling en Arbitrasie (“CCMA” of “KVBA”) kennisgewings van enige aard nie die partye bereik nie? Soms versuim die KVBA om kennisgewings aan die partye te stuur. In die geval van ’n bankbedryfdispuut het die KVBA byvoorbeeld ingestem om die arbitrasieverhoor uit te stel. Nóg die kommissaris nóg die werknemer is egter hiervan in kennis gestel. Aangesien die werkgewer in kennis gestel is, was hy die dag nie daar nie, maar die verhoor het nietemin voortgegaan.

Hierdie fout is eers op die datum van die uitgestelde verhoor ontdek toe die werkgewer vir die verhoor opdaag. Die werkgewer is toe ingelig dat die arbitrasieverhoor reeds plaasgevind het en dat ’n beslissing aan die partye gestuur sou word!

By ander geleenthede kon die KVBA bewys dat kennisgewings aan die partye gestuur is, maar een van die partye beweer dat hy nie sy kennisgewing ontvang het nie. Hierdie duidelike teenstrydigheid kan op ’n paar maniere verklaar word:

Die KVBA faks die kennisgewing aan die werkgewer, maar hoewel dit by die werkgewer se faksmasjien arriveer, word dit nie aan die uitvoerende beampte wat die saak hanteer, gegee nie.

Dit is moontlik dat die KVBA-saakadministrateur, wat onder druk is, ’n ontoereikende faks kan stuur. Indien die kennisgewing byvoorbeeld per ongeluk onderstebo in die faksmasjien geplaas word, sal die ontvanger blanko bladsye kry.

Indien die kennisgewing per geregistreerde pos gestuur word, is dit moontlik dat die poskantoor die registrasiestrokie by die verkeerde adres aflewer. Dit wil sê, die poskantoor se registrasiestrokie wat die party verwittig dat ’n geregistreerde artikel afgehaal moet word, kan per ongeluk in die verkeerde posbus geplaas word. Hoewel die KVBA se kennisgewing afgelewer is, is dit nie deur die party ontvang nie.

Wat kan jy doen indien een van hierdie of ander ernstige foute daartoe lei dat jy nie jou kennisgewing ontvang nie en die arbitrasieverhoor sonder jou voortgaan? Die eerste stap is om ’n herroeping (of kansellasie) van die verstek-beslissing aansoek te doen. Daar is streng regulasies en tydsbeperkings vir herroepings-aansoeke.

’n Herroepingsaansoek word gewoonlik by dieselfde arbiter gedoen wat die oorspronklike arbitrasiebeslissing gevel het op grond daarvan dat die beslissing verkeerdelik gevel is in die afwesigheid van enige party wat daardeur geraak word of dat dit ’n dubbelsinnigheid of ’n duidelike fout of weglating bevat. ’n Herroepingsaansoek kan toegestaan word indien dit akkuraat opgestel is en bewys gelewer word van faktore soos swak gesondheid of versuim van die KVBA om die kennisgewing effektief te bestel.

In die herroepingsaansoek is die vernaamste kwessies wat aangevoer word die aansoeker se redes vir afwesigheid en die aansoeker se vooruitsigte om met die saak te slaag indien die herroeping toegestaan word.

Indien jou herroepingsaansoek van die hand gewys word, moet die werkgewer die saak dan na die Arbeidshof neem. Daar is ’n paar redes waarom werkgewers hiervan moet wegbly. Om mee te begin, jy wen dalk nie. Dit is duur om Arbeidshof toe te gaan. Derdens moet jy dalk die ander party se regskoste betaal indien jy verloor. Dit is dus duidelik beter om seker te maak dat jy aanvanklik die herroepingsaansoek wen.

In die saak van Northern Province Local Government Association vs CCMA and Others het die Arbeidshof bevind dat kommissarisse nie toegelaat word om fakstransmissiestrokies as absolute bewys te beskou dat die party die kennisgewing van die arbitrasieverhoor ontvang het nie.

Werkgewers moet egter nie oorgerus wees nie, aangesien fakstransmissieverslae gewoonlik as bewys aanvaar word dat kennisgewings wettig bestel is; enige argument oor waarom sodanige faksverslae nie aanvaar moet word nie, moet baie goed beredeneer word.

# Employees and internet usage

**If an employer provides resources for business purposes, then he is entitled to prohibit private use of those resources. Should the employer not prohibit private use, strict limitations and firewalls should be in place detailing what can and cannot be sent via email or researched on the internet. This article comes from the viewpoint that all private use is prohibited.**

The main issues that impact whether or not the employer can intercept (read, download, etc. ) employees e-mails are clarified in the Regulation of Interception of Communications and provision of Communication-related information Act, 2002, and of course other sources, not the least of which is accepted custom and practice.

The Act states in Chapter 2, Part 1 section 5, that any person other than a law enforcement officer may intercept any communication if one of the parties to the communication has given prior consent in writing.

The employer must then include a clause in the employment contract to the effect that all electronic communications equipment is provided by the employer for business purposes, and that private use thereof is prohibited.

The second thing the employer must do is to include a clause in the employment contract, stating that, in accepting employment with the employer, the employee agrees that the employer will from time to time intercept all e-mail communication, which are sent or received by the employee.

Per the Act, this could also include land-line telephone calls and cell phone calls made from the employer's cell phones.

The Act also makes the following provision: (Chapter 2, Part1 section 6 sub-paragraph 1)

"Any person may, in the course of carrying on any business, intercept any indirect communication (e-mail):

- By means of which a transaction is entered into in the course of that business.
- Which otherwise relates to that business
- Which otherwise takes place in the course of the carrying on of that business in the course of its transmission over a telecommunications system.

The Act states further (sub-paragraph 2) that a person may intercept an indirect communication (e-mail)

- In order to establish the existence of facts
- For purposes of investigating or detecting the unauthorized use of that telecommunications system.

The above provisions are the reason why the employer stipulates that all electronic communications equipment is provided for business purposes only, and that private use is prohibited.

This includes, If the telecommunications system concerned is provided ***for use wholly or partly*** in connection with that business and if the system controller has made all reasonable efforts to inform in advance a person who intends to use the telecommunications system concerned, that indirect communications transmitted by means thereof may be intercepted or if such indirect communication is intercepted with the express or implied consent of the person who uses that telecommunications system.

The above provisions cover the employer in that the employee has been informed in the employment contract.

To summarise, the employer is entitled to stipulate (and indeed should stipulate) in the employment contract that all electronic communications equipment is provided for business use only and that private use is prohibited, further that interception of communications shall take place from time to time, and that any breach of these requirements shall result in disciplinary action which may lead to dismissal.

# NEWS FLASH – NEW DTI INCENTIVE PROGRAMME:

The Department of Trade and Industry launched their new incentive programme in July of this year. The programme is known as the Enterprise Investment Programme and supports both Manufacturing (inc. Agro-Processing) and Tourism Activities.

New and Expanding entities (Companies inc. branches and divisions, Close Corporations & Co-Ops) that are to be investing in Qualifying Assets will be eligible to apply to the DTI for EIP incentives. The incentives take the form of a Tax Free Cash Grant and are paid out over a two / three year period depending on the size of the project. Expanding entities will only qualify if they are to be increasing their existing Plant & Machinery (cost value) by at least 50% (smaller projects 35%). Expanding Tourism entities that want to take advantage of EIP incentives need to be increasing their existing Furniture & Fittings (cost value) <u>and</u> Capacity (bed nights) by at least 35%.

It is a condition that applications need to be submitted and approved by the DTI prior to the acquisition of qualifying investment assets.

## Kantoornuus

Hierdie is die laaste nuusbrief vir 2008 en ons wil ons kliënte langs hierdie weg bedank vir die ondersteuning van die afgelope jaar. Ons kan julle verseker van ons voortgesette volharding om kwaliteit werk en goeie diens te lewer. Ons wens almal 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2009 toe.

Ons herinner ons kliënte daaraan om hul BTW en Payroll inligting vroegtydig in te handig, aangesien die kantoor reeds die 12 de Desember 2008 vir die kerstyd sluit. Ons open weer die 5de Januarie 2009.

Sterkte word Jan Engelbrecht (vennoot) toegewens met sy herstel na 'n operasie. Ons sien uit om jou weer terug in ons geledere te hê.

Marli Steyn (Ouditbestuurder) het SDK aan die einde November 2008 verlaat. Ons wens haar sterkte toe met haar toekomsplanne.

Natalie Strydom (Assistent – Sekretarieël) verlaat SDK die 12de Desember 2008. Alle voorspoed met haar nuwe loopbaan.

In 2009 sal hier weer 'n klomp nuwe gesigte wees. Ons verwelkom dan die volgende persone:

SAIPA klerkskap:
Kriska Faber
Teresa Olckers
Maritza Trotskie
Bernadette Smit

SAICA klerkskap:
Ettienne Redelinghuys
Hendro Faul
Juan Olivier
Dampie du Toit

Ouditbestuurder:
Mieke Schultz – CA (SA)

*Some of the information in this newsletter was published in the Tax Bulletin and Labour Bulletin which are brought to you by Fleet Street Publications (Pty) Ltd. If you would like more information about the Tax/Labour Bulletin or Practical Handbooks please visit www.fsp.co.za, email rachel@fsp.co.za or call (011) 699 6545.*